Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 22 Aug 2018
Page: 7

AVE: 41059.08
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Twee van Tuks gaan in Portugal roei

Wilhelm de Swardt

Wanneer die Wêreld-snelroeikanovaart-byeenkoms môre in Montemoro Velho in Portugal begin, sal dit maar die sesde keer wees dat Kayla de Beer en Esti van Tonder saamspan om aan 'n K2-kajakwedvaart oor 200 m deel te neem.

Koue syfers vertel nie altyd die volle verhaal nie. Al is hulle nie die mees ervare kombinasie nie, is hul vertoningslys indrukwekkend. Die eerste keer wat hulle saamgespan het, was vroeër vanjaar in die Suid-Afrikaanse byeenkoms. Hulle het die K2-titel oor 200 m ingepalm.

Hulle volgende wedvaart was gedurende die Wêreldbeker-byeenkoms in Szeged, Hongarye. Hulle het almal verras deur sewende in die A-eindronde te eindig. 'n Week later gedurende die Duisburg-wêreldbeker-byeenkoms was hulle sesde.

De Beer (Tuks) beskou hul vertoning in Duitsland as deurslaggewend.

"Ons het Swede in ons uitdun geklop. Die Swede het daarna in die eindronde die bronsmedalje verower, maar die ervaring het ons laat besef ons is goed genoeg om gedurende die wêreld-byeenkoms vir die A-eindronde te kwalifiseer," sê dié Tukkie.

In Suid-Afrikaanse kanovaartgeskiedenis kon nog net die voormalige Tuks-kanovaarder Bridgitte Hartley dit regkry. Sy het in 2009 gedurende die Dartmouth-wêreldsnelroeikanovaart-byeenkoms 'n bronsmedalje in die wedvaart oor 1 000 m gewen en in 2014 in Moskou 'n brons in die wedvaart oor 500 m.

De Beer skryf haar en Van Tonder se sukses daaraan toe dat hulle die eerste keer toe hulle saam in 'n kajak klim, dadelik "gejel" het.

"Dit het natuurlik gehelp dat ons so gereeld gedurende oefensessies in K1-bote teen mekaar meegeding het. Ons het wedersydse respek vir mekaar. Ek weet waartoe Esti in staat is en andersom."

Volgens Van Tonder is eerlikheid ook belangrik.

"Wanneer iets pla, praat ons reguit daaroor. Ons glo daaraan dat dit wat in die boot gebeur, bly in die boot."

Van Tonder meen sy en De Beer vul mekaar goed aan. "Kayla is ongelooflik vinnig en sterk oor die eerste helfte van die wedvaart terwyl ek sterk eindig."

Die K2-wedvaart oor 200 m is nie 'n Olimpiese nommer nie. Die vraag is dus of hulle later van plan is om oor 500 m deel te neem.

De Beer is eerlik daaroor. "Dit sal vir my moeilik wees. Ek is geneig om erg uit te sak in die langer wedvaarte."

Van Tonder meen egter dit is 'n kopding. "Kayla en ek is op presies dieselfde oefenprogram en ons oefen meestal oor 500 m. So ek glo Kayla moet net die kopskuif maak. Sy is beter as wat sy dink."

Esti van Tonder en Kayla de Beer neem van môre af deel aan die Wêreld-snelroeikanovaart-byeenkoms in Montemor-o-Velho in Portugal.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.